

**5 April**

**Markus 14: 26-31**

(Teks: 14:26)

***Jesus gaan sy kruisdood singend tegemoet***

As ons aan Jesus dink, dink ons veral aan sy woorde. Sy Bergrede met die saligsprekinge. Sy Profetiese rede. Of ons dink aan sy daade. Wonderwerke. Selfs die opwekking van dooies.

Maar dink ons ooit aan Hom as die singende Jesus? Ja, inderdaad, Jesus was die nagtegaal van God wat op die droë doringtak van hierdie wêreld sy loflied in die nag kom sing het. Hoe wens ek dat ek Jesus net een keer kon hoor sing!

Die aand voor sy kruisiging, toe Hy die Nagmaal ingestel het, het Jesus saam met sy dissipels die lofsang gesing. Watter lofsang was dit?

By die Pasga het die Jode vier maal uit die Groot Hallel gesing. Dit is Psalm 113 tot 118.

Veral Psalm 116 is besonderlik van toepassing op die lydende Jesus: "Om my was bande en strikke van die dood; en angste van die hel het my laat bewe."

So het Jesus in sy lydensnag die smart van sy hart singend vir sy hemelse Vader vertel. Geen wonder nie dat dit 'n eeu-oue gebruik is in die Christelike kerk om by die nagmaal by voorkeur uit Psalm 116 te sing. Wat bring jou nader aan Jesus as om dieselfde psalm te sing wat Hy in die donkerste nag van sy lewe gesing het?

Die laaste Psalm wat Jesus saam met sy dissipels gesing het, is Psalm 118. Dit is 'n loflied van begin tot end. Die laaste woorde wat Jesus gesing het, is: "*Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.*" (Psalm 118:29). Met hierdie lofsang in sy hart is Jesus en sy dissipels na die Olyfberg en na Getsemane.

Mag die Heilige Gees jou die krag gee om Jesus dit te kan nasing - ook wanneer jy op die lydenspad is!

Sing Psalm 116:1, 2, 3

Prof. P.W. Buys (Emeritus)